Gebed vir die week

Mag die Here jou seën met ongemak oor
maklike antwoorde, halwe waarhede
en oppervlakkige verhoudings sodat jy
uit die diepte van jou hart kan leef.

Mag die Here jou seën met woede oor onreg,
onderdrukking en die uitbuiting van mense
sodat jy kan werk vir geregtigheid,
vryheid en vrede.

Mag die Here jou seën met trane om te stort
vir mense wat pyn, verwerping, honger
en oorlog ervaar sodat jy 'n hand kan
uitreik en hulle pyn in blydskap kan verander.
En mag God jou seën met genoeg dwaasheid
om te glo dat jy 'n verskil kan maak in hierdie
wêreld, sodat jy dinge sal kan doen
wat ander mense dink nie gedoen kan word nie.

– Ou Franciskaanse seënbede